

20 Februarie

Skrifgedeelte: Psalm 1

Fokusgedeelte: Psalm 1:3

Soos 'n boom

Hier kry ons 'n beskrywing van die seëninge wat die drie maal gelukkige mens van die Here ontvang. Hy is naamlik soos 'n boom wat by waterstrome geplant is. Al dreig die omringende woestyn om alle lewe te vernietig, die boom bly welig. Sy wortels is by die water! Dit dra dus lieflike vrugte en die blare verdroog nie. Christus het gesê (Joh 15:16): “Ek het julle uitgekies en julle aangestel om te gaan vrugte dra ...”

Die vrugte wat die Gees ons laat dra, is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, reinheid, sagmoedigheid en selfbeheersing. Kan mens se lewe anders as welgeluksalig wees wanneer die Here jou sulke vrugte laat dra? Hoe begenadig is 'n mens nie dat jy mag lewe nie, al is dit soos in 'n woestyn waar jy van alle kante af met vernietiging bedreig word! Hoe gelukkig is jy nie dat jy nooit heeltemal verlep nie, want God voorsien gedurigdeur nuwe lewensappe. Hoe bevoorreg is jy nie dat jy 'n oase mag wees wat met jou vrugte ander voed as die Here hulle na jou kant toe stuur nie!

Die voorwaarde is dat ons wortels by die water moet wees. Ons moet ons wortels uitstuur na die water, die lewenswater wat God gee, naamlik sy Woord waardeur sy Gees die lewe onderhou. Ons moet skep en drink. Doen ons dit nie, gaan die woestyn ons ook verswelg. Wie so innig met die Here leef, van die Here leef, word self 'n mens van kleur. Die kleur is groen, die kleur van die lewe. Die groen lig word vir ons gewaarborg deur die rooi bloed van die Lam aan die kruis! Dit geld vir elke kruising wat ons op ons lewenspad mag teëkom!

Sing: Psalm 92:6, 7 Ds CJ Nagel (Potgietersrus)